GEDRAGSKODE

1. Inleiding

Hierdie beleidstuk is opgestel om die etos, waardes en tradisies van Laerskool Knysna te ondersteun en te beskerm.

2. Gedragskode

Die Beheerraad van Laerskool Knysna aanvaar hierdie kode in beraadslaging met die leerders, ouers en onderwysers van die skool. Die kode voldoen aan die Onderwyswet van 15 November 1996 en is bindend op al die leerders in die skool.

3. Definisies

In hierdie gedragskode is die volgende definisies van toepassing:

"Beheerraad": 'n Beheerraad soos gedefinieer in artikel 16(1):(v) van die Onderwyswet van 15 November 1996.
"Skoolhoof": Die hoof van Laerskool Knysna.
"Onderwyser": 'n Werknemer van Laerskool Knysna wat in ooreenstemming met die Wet op die aanstelling van Onderwysers 1994, in diens van Laerskool Knysna is.
"Departementshoof": Die hoof van 'n interne departement van Laerskool Knysna.
"Leerder": Enige persoon wat onderrig by Laerskool Knysna ontvang.
"Grondslagfase": Verwys na die leerders in Graad 1 tot Graad 3.
"Intermediêre Fase": Verwys na die leerders in Graad 4 tot Graad 6.
"Senior Fase": Verwys na die leerders in Graad 7.
"Klasonderwyser": Is 'n persoon wat alle leerareas vir een klas aanbied.
"Leerarea-onderwyser": Verwys na 'n persoon wat een of meer leerareas aan verskillende klasse aanbied.
"Skoolbestuurspan" : Verwys na die komitee wat vir die bestuur van Laerskool Knysna verantwoordelik is en bestaan uit die skoolhoof, adjunk-hoof, departementshoofde en ander gekose persone.

4. Benadering tot die Beleidstuk

4.1 **Filosofiese gronding:** Ons beskou elke leerder as 'n unieke wese wat 'n positiewe Godgegewe potensiaal het om ten volle bereik te word. In ons skool word hierdie talente verken en ontwikkel onder leiding van 'n volwasse onderwyser in 'n ordelike, gestruktureerde omgewing.

4.2 **Opvoedkundige benadering:** Die skool se benadering tot dissipline word gedoen in 'n gees van goedhartigheid, liefde en ondersteuning. Kinders word aangemoedig om uit hul foute te leer. Dit impliseer die volgende:

4.2.1 Leerders sal onderwerp word aan reëls en regulasies met die nodige sensitiwiteit en begrip. Dissiplinêre optrede behoort slegs nodig te wees as dit blyk dat die leerder se houding of gedrag nie ooreenstem met die waardes en reëls van die skool nie.

4.2.2 Simpatieke gesag sal op leerders wat die reg het om gehoor te word, toegepas word.

4.2.3 Die waardigheid van die leerder en die spesifieke omstandighede waarin hy/sy hom/haar bevind sal deurgaans 'n hoë prioriteit geniet.

4.3 **Godsdienstige benadering:** Die skoolhoof en personeel van Laerskool Knysna glo dat elke leerder 'n Goddelike roeping het om sekere doelwitte in sy/haar lewe te bereik. Die doel van die skool is om elke leerder te assisteer in die bereiking van hierdie doelwitte.

4.4 **Helende benadering:** Die doel is die herstel van emosionele en fisiese skade. Om reg te stel. Die fokus is op herstel, verskoning en heelmaak. Die behoeftes van die geaffekteerdes word aangespreek en in ag geneem.